

Kategeet werkblad: 21 Augustus 2011

Teksgedeelte:

Jesaja 33

Agtergrond:

Die agtergrond van die gedeelte is die beleg van Jerusalem deur die Assiriërs in 701. Die Assiriërs het Jerusalem beleër en toe dit baie sleg gaan, het koning Hiskia by die Here hulp gevra. Een nag het die Assiriërs sonder 'n slag of stoot onttrek sodat die volgende oggend slegs hulle verlate kamp agtergebly het.

Hier word vertel van die Assiriërs wat wat nie teen die Here kan standhou nie. In vers 1 sien ons hoe hulle self beleef wat hulle aan ander gedoen het. Dit gebeur omdat vers 2 ons vertel hoe God se mense by Hom hulp soek. Dit is dan Hy wat teen die vyand optree. Hulle verloor selfs die oorlogsbuit (vers 4). Vers 5 vertel dat die Here oor Jerusalem regeer dit beten dat die mense wat daar woon 'n skat ontvang wat geen vyand ooit van hulle sal kan wegneem nie. Die skat bestaan uit vier dinge: verlossing, wysheid, kennis en vrees vir God. Verlossing beteken dat die verhouding met God herstel is. Wysheid is om te weet waarvan God hou. Kennis is om te weet wat God doen. En vrees is om te weet wie die Here is. Vers 7-9 vertel van dit wat wat die vyand kan wegneem: Vrede, die voorspoed van Handel en die natuur.

Verwagte uitkoms:

Dit is Sondag doop en die klem lê op die doop wat vir ons die vier goed waarborg wat die Here gee en ons verantwoordelikheid om dit vir ons kinders te leer.

Aksie:

Skets vir jou klas die volgende scenario:

Jy sien dat die stad waarin jy bly binnegeval gaan word, maar jy het dalk nog kans om te vlug. Jy moet besluit wat dit is wat jy met jou gaan saamneem, maar besef ook dat as jy voorgekeer word deur die mense wat die stad wil binneval en hulle vind 'n hele klomp goed by jou gaan jy verseker gevange geneem word. Wat kan jy met jou saamneem wat niemand van jou kan afvat nie?

Die volgende lys word aan die klas voorgehou (jy kan dalk self besluit of jy fisiese dinge vir van die goed op die lys saambring) [Jy gaan die wag wees wat hulle moet "deursoek" of hulle met enige iets wou ontsnap]:

- Kameel, om mee te ry
- Verhouding met die Here (Verlossing)
- Goue muntstukke om soldate mee om te koop
- Weet wat die Here gelukkig maak (Wysheid)
- Koring, sodat jy kos het

- Weet waarmee die Here besig is (Kennis)
- Klere vir jou en ander mense
- Weet wie die Here is (Vrees)

Keer dan die “ontsnappinge” voor en laat net die wat Verlossing, Wysheid, Kennis en Vrees gekies het deur.

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as ’n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Wat is die dinge wat jy sou kies om saam te vat?
- Met watter van die dinge kon julle deurkom?
- Met watter van die dinge kon julle nie deurkom nie?

Hart vrae:

- Watter dinge maak die Here gelukkig?

Skoppens vrae:

- Wat beteken dit om ’n verhouding met die Here te hê?
- By watter dinge kan ons betrokke raak as ons weet wat God gelukkig maak?

Klawers vraag:

- Om te weet wie die Here is word deur die gedeelte in Jes. 33 beskryf as vrees, dit is soos om respek vir God te hê. Hoe wys ons vir ander dat ons vir God respek het?
- Hoe sien ons raak waarmee God besig is?